

Sing vooraf staande: Psalm 84:6 (p. 425)

- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 2:6 (p. 7)

- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes/nuwe lewe/versoening met Psalm 65:2 (p. 314)

Wet

Psalm 65:2 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 43:3 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

Skriflesing: Levitikus 10

Teks: Levitikus 10:1

En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. (Levitikus 10:1 AFR53)

Die ding wat Nadab en Abihu gedoen het, lyk so goed, want hulle stap dan in die heiligdom in met vuurpanne met reukwerk.

- Die punt waaroor dit gaan, is dat die Here nie vir hulle so 'n opdrag gegee het nie.
- Die jongste Afrikaanse vertaling skryf dat dit teen die verordeninge van die Here was wat hulle gedoen het, maar letterlik staan daar dat die Here nie gesê het dat hulle dit moet doen nie.

Dit moet u weet, die Here slaan nie sommer net vir die grap twee manne met 'n weerligstraal dood nie.

- 1. Wat die Here beveel**
- 2. Die mens se gesindheid**
- 3. Waar is die grens?**

1. Wat die Here beveel

Die ding wat hier gebeur het, is geweldig belangrik:

- Dit gaan nie net daaroor dat mens net dit mag en moet doen wat die Here jou beveel om te doen nie.
- Dit is baie duidelik dat jy ook nie mag doen wat die Here nie sê dat jy dit moet doen nie.

Dis wat die dag hier gebeur het:

- Die Here het deur Moses aan Aäron die opdrag gegee om daardie dag die offerseremonies te behartig.
- Die ander priesters het nie opdrag gekry om aan die besondere take deel te neem nie.
- Hulle het net die gewone take verrig, soos om die bloed van die offerdier op te vang en om die bloeds-kottel vir Aäron aan te gee. Die Here het nie gesê dat hulle iets meer moes doen as net dit nie.

Aäron moes eers 'n kalf vir homself slag.

- Die vet en die niere en die lewer moes hy vir die Here offer.
- Hy moes die bloed daarvan aan die altaar se horings smeer.
- Die bloed wat oorgebly het, moes teen die voet van die altaar uitgegooi word.
- Die res van die kalf is buitekant die laer verbrand.

Toe Aäron eers deur hierdie offer van sy eie skuld voor die Here rein gemaak is, kon hy die brandoffer vir die volk bring.

Toe alles reggepak was op die altaar, het Aäron die volk geseën.

- Op daardie oomblik het die Here aan die volk verskyn.
- Daar was 'n vuur wat die hele brandofferaltaar en die stukke vet opgebrand het.
- Die volk het in groot gejubel teenoor die Here losgebars. Hulle het met blydskap en met 'n gejuig op hulle gesigte platgeval.

Op hierdie oomblik het Nadab en Abihu vuurpanne gevat en kole en reukwerk daarop gegooi en in die tabernakel ingestap.

- Dit was 'n groot oomblik: Die Here was besig om aan die volk te verskyn en almal het ekstase en blydskap belewe.

- Was dít dalk die aansporing waarom hierdie twee manne so buite hulle boekie opgetree het? Of was dit verwaandheid dat hulle so iets van hulle eie ding wou doen?
- Wat ook al hulle aansporing of motivering was, een ding is seker, hulle was ongehoorsaam en wou sonder so 'n opdrag in God se heiligdom ingaan.

Die vraag is: Van watter plek in die tabernakel praat die Bybel hier? As ons weet van watter spesifieke plek daar gepraat word, sal mens ook die skerp optrede van die Here verstaan.

- Die Bybel praat hier van **voor die aangesig van die Here** (10:1).
- In Levitikus 16:1-3 lees ons dat die Here in 'n wolk bokant die versoendeksel van die ark verskyn.
- Daaruit kan ons met redelike sekerheid aflei dat die twee seuns van Aäron besig was om in die allerheiligste in te gaan. Dis 'n vertrek wat agter die voorhangsel was waar die ark was.

Hierdie vertrek was vir die Here 'n baie besondere plek.

- Hy het toegelaat dat net die hoëpriester in daardie vertrek ingaan en ook net een keer in die jaar.
- By daardie geleentheid moet die hoëpriester 'n jong bul en 'n ram as 'n brandoffer bring in die allerheiligste.

Soos wat die Here hier aandui, is enige ander manier om in die vertrek in te gaan deur die Here in 'n baie ernstige lig gesien.

- Die Here se optrede bewys dit dan ook op hierdie spesifieke dag. Toegang na daardie vertrek toe was baie uitdruklik deur die Here verbied.
- Hy straf dit summier met die dood.
- Dit is waarom die 1983 Afrikaanse Vertaling hier vertaal het: **wat teen die verordeninge van die Here was.**

2. Die mens se gesindheid

Die innerlike gesindheid van hierdie manne was dus heeltemal verkeerd.

- Die Here se manier van doen is dat Hy nie toelaat dat mense wat Hy as ampsdraers roep, verkeerde voorbeelde aan die gelowiges stel nie.
- Ter wille van die gemeenskap van die gelowiges maak die Here van sulke mense altyd 'n voorbeeld.
- Hy straf altyd sulke mense so geweldig dat dit vir almal wat hulle verkeerde voorbeeld gesien het, duidelik is dat die Here glad nie met so 'n lewenstyl genoeë neem nie.

Hierdie dinge moet vir u 'n baie helder waarskuwing wees dat mens nie menslike eiehede in die erediens moet invoer nie.

- Die ding wat die twee manne gedoen het, het oënskynlik so onskuldig en opreg gelyk en dit lyk selfs asof dit kon bygedra het om die erediens op te vrolik.
- Die Here noem dit *vreemde vuur* – dis vuur wat Hy verwerp. Dis 'n daad wat Hy so haat, dat Hy bliksemsnel die twee manne laat sterf.

Al sal daar miskien nie in ons geval 'n weerligstraal wees wat ons neerfel nie, sal ons nogtans geestelik sterwe, en mettertyd so opgaan in die sonde dat ons die Here heeltemal afsterf. Die eindresultaat is presies dieselfde – die ewige dood.

In die geloofslewe doen jy net wat die Here van jou verwag. Niks meer of minder nie.

- Ander dinge wat ons doen wat oënskynlik so onskuldig en onskadelik mag lyk, is vermetelheid en ongehoorsaamheid.
- Al bedoel ons dit so opreg en al glo ons dat ons daarmee iets meer uit onself doen wat net tot die verryking van die erediens bydra.

Die eerbied wat ons vir die Here het, kom ook hier in die gesigsveld, want die manier waarop ons ons geloof uitleef, wys hoeveel eerbied ons vir die Here self het.

- Dit gaan dus ook oor ons persoonlike geloofsnetheid.
- Ons lei af dat Nadab en Abihu onder die invloed van drank was toe hulle hierdie verkeerde dinge gedoen het.
- Ons lei dit af uit die feit dat die Here self net na die gebeurtenis met Aäron praat en vir hom sê dat hy nie wyn of sterk drank moet drink as hy in die tent van samekoms ingaan nie, want as hy dit doen, gaan hy sterwe.

U moet onthou dat ons as mense maar uiters gering is en swaar besmet is met sonde. Teenoor ons is die Here baie groot in heerlijkheid en majesteit. Ons lewe – maar veral ons godsdiens – moet dus in die teken staan van eerbied en vrees voor die heilige God.

Ons kan dalk weer hieroor dink, want in ons tyd gee ons op baie terreine beginsels prys.

- Ons sal baie sterk daarteen moet waak dat ons nie dinge doen wat die straf van die Here op ons gaan bring nie;
- dat ons nie beginsels gaan prysgee as ons in die erediens dinge gaan doen soos wat ons dit op straat doen nie!
- Ons kan nie nuwe grense stel bo-oor die wat die Here gestel het nie.

3. Waar is die grens?

Die grens is die soenbloed van die Here Jesus Christus. In Ou-Testamentiese taal: die bloed van die offerdier.

- Nadab en Abihu het die offerwette baie goed geken, want Moses het dit vir hulle geleer.
- Maar hulle het hulle nie daaraan gesteur nie – en die prys betaal.

Hulle het daardie dag pas die skottel met offerbloed vir Aäron gehou sodat hy eers self deur 'n reinigingsoffer se bloed aan die horings van die altaar versoening vir sy eie sondes kon doen, voordat hy vir die volk geoffer het.

- In al twee die offers het hy die orige bloed teen die voet van die altaar uitgegooi.
- Hierdie bloed was profeties van die bloed van die Here Jesus Christus wat gestort sou word tot vergifnis van die mense se sondes.

Die twee manne het daardie dag net kole en reukwerk op hulle panne gehad.

- Jy kan nie voor die aangesig van God verskyn buite die versoening van Jesus Christus om nie.
- Daarom moet selfs in ons tyd nog alle funksies in die erediens getoets word of dit voldoen aan die soenverdienste van die Here Jesus Christus. Die Here Jesus sê self: *Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.* (Johannes 14)

Jy kan net glo en bid in die offerbloed van die Here Jesus Christus wat jou sondes bedek.

- Die oomblik as jy daarbuite beweeg, stel jy jouself aan die dood bloot, soos Nadab en Abihu.
- Die rede is dan dat jy nie voor God kan verskyn sonder dat jy rein gemaak is deur die bloed van Jesus Christus nie.
- Daar is ook nie iets wat jy as plaasvervanger in die plek daarvan kan aanbied nie, want selfs die kole en die reukwerk van Nadab en Abihu was net nie genoeg vir die Here nie. Hy het dit verwerp en as vreemd en onaanvaarbaar beskou.

Daar was allerhande ander versierings ook aan hulle, soos byvoorbeeld dat hulle priesterklere aangehad het, wat spesiaal vir hulle gemaak was.

- Dit was net doodgewoon nie goed genoeg nie. Hulle is met priesterklere en al uit die laer uitgedra en begrawe.
- Die waarskuwing is baie duidelik dat geen vorm van uiterlike vertoon of uiterlike verandering in die erediens die mens kan red nie.
- Daar is net op een manier redding moontlik en dit is om in jou aanbidding presies te doen wat die Here jou beveel het in Jesus Christus en onder die leiding van die Heilige Gees.

Die Here wil Hom laat ken as die heilige en almagtige in Jesus Christus.

- Daarom leef die Here Jesus Christus sondeloos.
- En oorwin Hy ook die dood.

Maar nou moet ons ons laat lei in ons aanbidding deur die Heilige Gees.

- Dit beteken dat ons hele lewe so ernstig op God gerig sal wees dat ons nie in vreemde vuur of veranderlike uiterlikhede ons heil sal gaan soek nie.
- Dis die pad van die dood.

Daarom was een van die preke met die mooiste woorde wat ooit gehoor is, die preek van Johannes die Doper toe hy die keer gesê het: *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!* (Johannes 1:29).

- Die mens is uit homself so sondig dat hy glad nie meer voor die Here kan verskyn nie.
- Hy kan egter wel daar verskyn, maar dan net in die bloed van die Here Jesus Christus.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:6 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 12 Augustus 2012